

# SONDAGSKOOL LES: Inleiding - Gawes van die Heilige Gees

## Doel van les:

- Hierdie week gaan ons begin gesels oor die Gawes van die Heilige Gees en bietjie hoor of die kinders iets rondom die gawes weet.

## Ysbreker: God se geskenk.

Gee vir elke groep 'n boks wat toegedraai is in 8 lae koerant/geskenkpapier. Gee 'n stel handskoene vir elke groep. Een trek die handskoene aan en probeer met die handskoene aan die een vel koerantpapier los skeur. As die persoon dit af het, gaan dit na die volgende persoon wat dan ook die handskoene aantrek en die volgende laag papier probeer afkry. Die groep wat eerste klaar is, wen.

## PROCESS YSBREKER:

- Wie hou daarvan om geskenke te kry?
- Wie hou daarvan om geskenke te gee?

Vandag praat ons bietjie oor spesiale geskenke wat God vir ons gee deur Sy Heilige Gees. Ons praat oor die Gawes van die Heilige Gees.

## 4. INLEIDING:

God gee vir ons Sy Heilige Gees om ons te help met ons pad hier op aarde. Dink julle dat hierdie geskenk so toe moet bly? Nee, die Heilige Gees is dan hier om ons te help. Soos julle al verlede kwartaal gehoor het, is die Heilige Gees hier om elke Christen te ondersteun, lei en te verander om al hoe meer soos Jesus te lyk. Hy is ook daar om God se kerk te verander om al hoe meer soos Jesus te lyk. Dis dan juis hier waar die gawes 'n baie belangrike rol speel.

**Vrae in die groepe** (Hierdie vrae moet absoluut net deur die kinders beantwoord word in die groepe. Die groepleiers is net daar om die gesprek te fasiliteer).

- Het jy al van die gawes van die Gees gehoor?
- Kan julle die gawes noem? Kyk hoeveel julle kan neerskryf.

Kry terugvoering.

## Groepwerk:

1 Korinthiërs 12:4-11 is die bekende gedeelte wat handel oor die gawes. In hierdie gedeelte hoor ons dat daar 9 gawes is, wat deur die Heilige Gees uitgedeel word aan wie Hy wil soos Hy in Sy wysheid weet die mense moet ontvang. Nou wil ek julle bietjie meer challenge. Lees in julle groep die gedeelte in 1 Korinthiërs van die 9 gawes en dan wil ek hê julle moet kyk of julle kan verduidelik hoe elke gawe sal werk. Met ander woorde hoe sal jy die gawe beskryf? Gee so 10

minute kans vir die groepe om deur die gawes te werk. Kry terugvoer. (Weereens belangrik dat die groepleiers luister, maar die kinders met hul eie idees en woorde die gawes beskryf).

Kry terugvoering van groepe.

### **SAMEVATTING:**

Elke gawe is anders en ons almal kry verskillende gawes, maar die doel van dit alles is om God te verheerlik en Sy kerk op te bou. Dit is nie daar vir ons nie, maar om ander te help. Soos in 'n "band" waar daar vele instrumente is, is God se kerk vol verskillende mense wat verskillende gawes kry. Tog kom al die instrumente pragtig bymekaar om 'n liedjie te maak. So maak almal se gawes saam 'n kragtige kerk vir Jesus om siele te red.

Sluit af in groepe met gebed.